# 12 Oktober 2023 - Lesing 151 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die siel gaan bewustelik die beliggaming aan – 8/8/60

**NO: 7669** Julle aanvaar julle weg oor die aarde, **volkome bewus van wat julle te wagte staan,** en julle gee vrywillig julle toestemming. **Maar die herinnering hieraan word julle ontneem,** anders sou julle gang oor die aarde onder 'n sekere dwang plaasvind, wat egter nie vir die rypwording van julle siel bevorderlik sou wees nie. Julle moet daarom nie tydens julle aardse lewe kla oor die een of ander lotsbeskikking nie, want **dit is alles slegs middele**, wat julle moet help om julle siel tot volwassenheid te laat kom en wat met die korrekte ingesteldheid ook tot volkomendheid sal lei. Dus moet julle wil korrek gerig wees, en daaruit bestaan die aardse lewensbeproewing, met welke doel julle op aarde verblyf.

Wanneer julle as mens beliggaam is, dan lyk al die struikelblokke maklik te oorkom. En julle neem dit graag op julle, omdat julle sal insien dat dit die laaste beliggaming in 'n gedaante is, dat julle daarna in alle vryheid sal kan lewe, wanneer julle die aardse lewensweg afgelê het.

En dit is ook moontlik vir julle in hierdie aardse lewe om vry te word uit die vorm as julle altyd God se ondersteuning vra. **Dan bewys die siel dat sy haar aardse lewensdoel wil vervul**. Sy bewys dat sy God erken, en sy verlang ook na Hom, anders sou sy Hom nie aangeroep het om hulp nie.

En ook die swaarste slae van die noodlot sal die siel nou kan oorwin. Dit sal die siel nooit alleen hoef te dra nie, maar sy sal baie geestelike bystand ervaar, sodat haar aardse lewe ook altyd weer verligting sal vertoon en sy steeds ryper uit elke beproewing tevoorskyn sal kom. **Maar sonder sulke beproewings kan sy nie omhoog klim in haar ontwikkeling nie**.

Hierdie kennis word aan haar gegee **vóór haar beliggaming as mens,** en sy weier ook nie om die aardse lewensweg te gaan nie. Sou hierdie herinnering vir haar behou word, dan sou haar wil en handeling **nie vry gewees het nie**. Sy sou steeds onder dwang handel en ook uit vrees vir die komende, selfs as daar vir haar geen volledige duidelikheid en kennis daaroor geskenk was nie.

Maar as mens moet julle weet, dat julle **vrywillig** julle aardse lot op julle geneem het, en hierdie kennis moet julle in soverre gerusstel, dat julle altyd daaraan sal moet dink, dat vir julle die totale vrywording uit die gedaante moontlik is, hoe julle aardse lewensweg ookal bepaal is.

Julle moet weet, dat julle altyd geestelike ondersteuning sal ondervind, dat God self wil dat julle tot Hom terugkeer en dat Hy na julle verlang en dus ook alles sal doen om julle terugkeer makliker te maak en dat julle daarom ook niks hoef te vrees nie, watse lotsbeskikking julle ookal oorval.

Want met Sy hulp sal julle alles kan oorwin. Met Sy hulp slaag julle om meester oor Sy teenstander te word, wat julle nog geboeid hou. Want hy het geen mag meer oor julle nie, wanneer julle na God verlang, Wie julle aller Vader is. Wie in JaHshua Messias die stryd gevoer het teen Sy en julle vyand en hom oorwin het.

En by Hom hoef julle maar net steeds vir krag te vra. Hy sal julle te alle tye bystaan, Hy sal julle Self van krag voorsien, as dit daarom gaan om die lewensweg met goeie gevolg af te lê, as dit daarom gaan om alle moeilikhede te bove te kom, watter beproewing julle ookal opgelê is, sodat julle nog op aarde tot rypheid kan kom, sodat julle vry kan word uit elke gedaante en as ‘n vry skepsel sal kan binnegaan in die geestelike ryk. Amein.